

PREEKNOTABLAADJIE

So. 30 Jan. 2022



Vir jou daaglikse lewe:
Drie woorde!

Hoe moet ek my lewe bestuur, en inrig om hierdie lewenspad waarop ek is die moeite werd te maak, om ten spyte van moeilike tye nóg 'n dag op te staan, wéér 'n dag aan te pak waarvoor ek dalk soms nie lus is of kans sien nie. Om positief te bly in negatiewe omstandighede van die wêreld, ons land en jou persoonlike leefwêreld.

Hoe bly mens staande met sulke negatiewe dinge rondom jou?
Hoe kyk mens positief vorentoe?

Daar is `n hele klomp dinge wat nodig is om `n mens se lewe die moeite werd te maak, bv.: tel jou seëninge, wees tevrede met wat jy het en wie jy is, doen vir ander iets betekenisvol, verwerk stres en bekommernis, sorteer probleme uit, handhaaf goeie verhoudinge ens.

1 Kor. 13:13 *"En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie."*

Afskopreks 2022 (en verdere prediking)...

DENKE

(Dink soos Jesus)

HART

(Wees soos Jesus)

DADE

(Doen soos Jesus)

GELOOF

Heb 11:1 sê wat geloof is: *"Om te glo is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie"*.

Geloof sê daar is 'n krag groter as ek. Geloof sê dat ek swak is, maar Paulus het gesê *"As ek swak is, is ek sterk"*. Geloof maak dat ek die toekoms met hart en siel voluit kan aanpak.

HOOP

Miskien voel jy vandag hooploos, of dalk voel jy hopeloos weens omstandighede rondom jou, of siekte en gebreke in jou lewe?

Geen mens kan hoop hê sonder geloof nie. Hoop se fondament is geloof.

"Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!" (Rom. 15:13)

Ek kan nie hoop vir jou kies nie; ek kan probeer om vir jou hoop te gee - dit hang egter af of jy my sal glo. Hierdie geloof kom van God, die bron van hoop. Hoe? Deur sy Heilige Gees. Luister wat skryf Petrus aan ons...

"Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die HOOP wat in julle lewe." (1 Pet 3:15)

"Soos suurstof vir die longe is, so is hoop vir die sin van die lewe."

- **Emil Brunner, Switserse teoloog**

So, wil jy hoop hê vir die toekoms? Soek jy weer 'n silwer randjie om die donker Suid-Afrikaanse wolk? Erken die hoop met hierdie vier woorde as belydenis:

"God is in beheer"

LIEFDE

1 Joh 4:8 sê: *"God is liefde"*. God is in wese liefde. Net soos met hoop, vloei sy liefde vanuit Hom...

Rom. 5:5 sê: *"God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het."*

Onvoorwaardelike liefde.

In sy boek *Just Like Jesus*, skryf Max Lucado: *"God het ons lief net soos wat ons is, maar Hy is te lief vir ons om ons te los soos wat ons is. Hy wil ons moet Net Soos Jesus wees."*

En dan voeg hy by: *"As 'n mens na God se liefde vir jou kyk, staan jy verstom voor die omvang daarvan. Dit motiveer jou om jou lewe te verander."*

Dit is waarom Paulus so breedvoerig oor die liefde skryf in 1 Kor 13...en daarin verduidelik dat die grootste Goddelike gawes niks beteken as dit nie vanuit liefde geleef word nie. 13"

"Daar is geen liefde sonder hoop nie, geen hoop sonder liefde nie, en nóg hoop nóg liefde sonder geloof." - **Augustinus**

En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde!"

Geloof, hoop en liefde.

Hoe lyk dit, sien jy kans vir hierdie jaar, vir die toekoms?